

**Maandag 19 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 3:6-13**

**Fokusgedeelte: Sefanja 3:9**

### **God berei vir hom 'n volk**

**H**oe meer ek groei in my geloof, hoe meer staan ek verstom oor die eer wat God toekom. Ek verstaan meer en meer hoe heilig God is, en wat 'n aanstootlike ding elke enkele sonde is. Dit bring 'n berou wat trane laat loop.

God is liefde, tog ook regverdig. God is lankmoedig, tog is daar 'n tyd wat Hy bepaal om te snoei aan sy wingerd.

Juda wou hulle nie bekeer nie. Juda het die wet gehad, en tog nie na God geluister nie. God stuur profete, maar dit verander nie hulle optrede nie. Dit is asof Juda vir God en hulle eie planne teen mekaar opweeg en vir God heeltemal te lig bevind. Dit is 'n afskuwelike ding om te doen. Hulle vertrou eerder op mense en ander skepsels as op die Skepper van hemel en aarde. Steeds roep God deur Sefanja vir Juda op tot bekering, en wys hulle op hulle onbekeerlikheid.

God mag sy wingerd snoei. Hy is lankmoedig, tog word die snoeiskêr op 'n dag uitgehaal. Dan word die dooie lote en die lote wat nie vrug dra nie, afgeknip. God sal 'n einde maak aan die gruwelike ontkenning van sy heerlijkheid en koningskap. Ook die snoeiproses sal sy Naam verheerlik.

Die salige belofte is dat God sou sorg dat mense wêreldwyd, ook die noordelike stamme wat verstrooi is, sy heerlijkheid raaksien en Hom die eer gee wat Hom toekom. God maak vir Hom 'n volk. Hy gee vir hulle nuwe harte. Ons sien die vervulling hiervan in Christus en die werking van die Heilige Gees. Voor Christus sal elke knie buig, nou of eendag.

Vir gelowiges is dit 'n kosbare voorreg dat ons God nou reg kan ken, en Hom met oorgawe mag dien. Mag ons op God alleen vertrou en Hom alleen eer.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1-2*

*Ds. PJ Hattingh (Peter) (Okahandja)*